# BOOK REVIEWS / BOEKRESENSIES

ANTON C. VAN VOLLENHOVEN
*Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie*
Pretoria: Heinekor
1995
147 pp.
R68,50, posgeld en verpakking ingesluit
ISBN 0-620-19289-5

Historici, argeoloë en belangstellendes in die geskiedenis en die argeologie behoort beslis van hierdie werk kennis te neem.

Soos die titel aandui, gaan die werk oor die militêre fortifikasies van Pretoria in die tydperk vanaf die Eerste Anglo-Boereoorlog van 1880-1881 tot aan die einde van die Tweede Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. Wat die subtitel betref, definieer die skrywer historiese argeologie as "die argeologie waar daar nie net van die kulturele oorblyfsels op 'n argeologiese terrein gebruik gemaak word nie, maar waar daar ook historiese bronne bestaan wat gebruik kan word in die interpretasie en rekonstruksie daarvan" (p. 18). Ons het hier dus met 'n interdissiplinêre benadering te make.

Dit is die eerste van 'n reeks geskiedenis publikasies wat die Pretoriase uitgewer, Heinekor, tot die jaar 2005 gaan publiseer om sodoende minder bekende aspekte van Pretoria se geskiedenis op te teken of te laat herleef. Die reeks onder redaksie van die bekende skrywer, H.L. van Niekerk, beloof om 'n belangrike bydrae tot Pretoria se 150ste bestaansjaarvieringe in die jaar 2005 te lewer.

Die werk, wat aangekondig word as die eerste Afrikaanse handboek in argeologie en historiese argeologie, is gebaseer op die MA-verhandeling wat die skrywer in 1992 aan die Dept. Argeologie aan die Universiteit van Pretoria ingedien het. Miskien daarom is die indeling en taalgebruik ietwat strak, maar omdat ons hier met goeie stof te make het, behoort dit nie die leser af te skrik nie.

Hoofstuk 1 dien as inleiding. Die studie word in perspektief geplaas teen die agtergrond van vorige studies oor die onderwerp, soos dié van dr. Jan Ploeger, getiteld *Die fortifikasies van Pretoria* (S.A. Weermag, 1968). Wat sy metode betref, wys die skrywer daarop dat hy alle beskikbare inligting, nl. brosjures, kaarte, planne, argivale dokumente, artikels, boeke, foto's opinies, ens., bestudeer het om die geskiedenis van Pretoria se fortifikasies so volledig moontlik te rekonstrueer. Hierdie inligting is uit argiefbewaarplekke, privaatversamelings en biblioteke verkry. Sy metode het voorts argeologiese veldwerk behels, wat onder meer bestaan het uit area-opnames, terreinondersoeke en die klassifikasie van artefakte wat by Fort Daspoort gevind is.

Die fortifikasies van die Eerste Anglo-Boereoorlog is die tema van hoofstuk 2. Elf fortifikasies is deur die Britte opgerig om 'n moontlike Boere-aanval op Pretoria die hoof te bied, waarvan daar slegs oor ses inligting beskikbaar is. Ontwikkeling het die meeste hiervan nog ook in die slag laat bly. Nogtans voel die skrywer dat daar interessante argeologiese navorsing uit hierdie studie kan spruit.

Die derde hoofstuk handel oor die vier Boereforte wat tussen 1896 en 1898 vóór die Tweede Anglo-Boereoorlog opgerig is uit vrees vir 'n aanval van die Uitlanders aan die Rand — aan 'n oorlog met Brittanje is nog nie gedink nie. Terwyl die ZAR bewapen is omdat die moontlikheid van 'n oorlog met Brittanje al hoe groter geword het, is die forte egter ook hiervoor voorberei. Tydens die Eerste Anglo-Boereoorlog het die Boere met groot sukses die dorpe waar Britse garnisoene gestasioneer was, beleër, en hulle wou verhoed dat dieselfde taktiek nou deur Brittanje teen die ZAR toegepas word.

Daar is gou besef dat die Britte eerder buite die grense van die Republiek gestuit moet word

en nie die kans gegun moet word om naby Pretoria te kom nie; daarom is die forte ontwapen sodat die geskut teen die Britse magte wat die ZAR probeer binneval, gebruik kon word. Met die nadering van die Britse magte vanuit die suide is daar besluit dat Pretoria nie verdedig sal word nie. Die vier forte het gevolglik nie 'n aktiewe rol tydens die Anglo-Boereoorlog gespeel nie.

Anders as Fort Daspoortrand, is Fort Klapperkop, Fort Schanskop en Fort Wonderboompoort tot nasionale gedenkwaardighede verklaar, en is argeologiese navorsing steeds daar moontlik.

Hoofstuk 4 neem die Britse fortifikasies van die Tweede Anglo-Boereoorlog tussen 1900 en 1902 onder die loep. Die Britse militêre owerheid het in die guerrillafase die belangrikheid van blokhuise besef om die bewegings van die Boeremagte te beperk. Daar is 61 fortifikasies in en om Pretoria opgerig, waarvan 51 in die teks genoem word. Sewentien van die fortifikasies wat in die teks gemeld word, het direk met die verdediging van Pretoria te doen gehad. Die Vesting blokhuis in Johannes Kochstraat, Voortrekkerhoogte (wat tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is), en die Johnston redoubt (op die Meintjieskopbergreeks op die grond van die staatspresidentswoning) is feitlik volledig bewaar. Vanweë die karige inligting wys die skrywer daarop dat verdere navorsing — deur opgrawings op die terreine en argivale navorsing in Brittanje — oor al hierdie fortifikasies noodsaaklik is.

Die vyfde hoofstuk handel oor 'n argeologiese ondersoek van Fort Daspoortrand (Wesfort). Besondere aandag word aan hierdie Boerefort gegee, omdat dit volgens die skrywer so 'n unieke en interessante fortifikasie ('n "argitektoniese meesterwerk") is. Op boeiende wyse word die leser ingewy in die opgrawingsmetode en die verloop van die opgrawings. Die westelike ammunisietonnel, die proviandkamer en die ingangspoort is opgegrawe. 'n Lys van artefakte van die fort word in die publikasie verskaf onder die hofies "Nommer en tipe artefak", "Relatiewe datering" en "Wye identifikasie", gevolg deur 'n uiteensetting van 'n klassifisering van die artefakte, met gegewens oor die tipe artefak, vindplek en sy waarskynlike doel.

Hoewel die studie die voledigste en omvattendste is wat tot dusver oor Fort Daspoortrand en die ander fortifikasies van Pretoria onderneem is, wys die skrywer daarop dat daar steeds ruimte vir heelwat histories-argeologiese navorsing is.

Die slothoofstuk is 'n histories-argeologiese evaluering van die militêre fortifikasies van Pretoria in die tydperk 1880 tot 1902. Die skrywer konstateer dat die fortifikasies sedert hul oprigting ernstig agteruitgegaan het. 'n Totaal van 42% daarvan is reeds vernietig, terwyl 'n verdere 29% nie in 'n veel beter toestand verkeer nie.

Van Vollenhoven spreek ten slotte die vertroue uit dat sy studie maar net die begin van wetenskaplike belangstelling in die fortifikasies van Pretoria sal wees en dat dit veel wyer sal uitkring sodat al die terreine volledig gedokumenteer en bewaar sal word. Is hy dalk miskien bietjie optimisties?

Daar is 'n paar dingetjies wat die kritiese leser hinder. Ten eerste: Wat die skrywer voetnotas noem, is eintlik eindnotas aan die einde van elke hoofstuk. Tweedens: Die historiese gegewens word op ietwat naïewe wyse aangebied, soos deur iemand wat nie die belangrikste bronne vir hierdie agtergrond-inligting raakvat nie. Om nie C.F.J. Muller se werk aan te wend wanneer die oorsake van die Groot Trek gemeld word nie, voel net nie reg nie. Dieselfde gevoel kom by die leser op wanneer hy sien dat oppervlakkige en algemene werke aangewend word, soos W. Grütter en D.J. van Zyl se *The story of South Africa*, F. Pretorius se *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, en F.A. van Jaarsveld se *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*.

Met die uitleg van die bronne het die skrywer se vermelding van sy argivale bronne ietwat skeefgeloop; die lettertipe van die Sentrale Argiefbewaarplek, die Suid-Afrikaanse Weermag-argief en die Tranvaalse Argiefbewaarplek is kursief gedruk, in plaas van die gewone lettertipe (soos die Kaapse Argiefbewaarplek tereg aangedui is).

Dit is jammer dat die bindwerk sodanig is dat mens nie die boek plat (met die teks na bo) kan neersit nie; jy sal hom permanent moet vashou terwyl jy lees. Om aantekeninge daaruit te maak, is nie maklik nie, wat waarskynlik nogal 'n probleem sal wees as dit as handboek gebruik word.

Laat hierdie kritiek nie afbreuk doen aan 'n baie geslaagde publikasie nie. Die waardevolle inhoud word deur toepaslike foto's en ander illustrasies aangevul. Dit is verblydend om te weet dat

Van Vollenhoven en 'n kollega pas 'n ondersoek na die Britse fortifikasies in die ou Transvaal uit die tydperk van die Tweede Anglo-Boereoorlog afgehandel het. Hier kom nóg iets moois.

Fransjohan Pretorius
*Universiteit van Pretoria*